

GR 10 RTT

MAANDAG: Merk Vrg 1 - 4

AFDELING A

Vraag 1

1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7
B	C	B	A	B	D	D

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

[7]

Vraag 2

[Let op: Aanvaar korrekte antwoord selfs as 'Onwaar' nie genoem word nie]

- 2.1 Onwaar – Clipboard ✓ (1)
- 2.2 Onwaar – Access ✓ (1)
- 2.3 Waar ✓ (1)
- 2.4 Waar ✓ (1)
- 2.5 Onwaar – Shift ✓ (1)

[5]

Vraag 3

3.1	3.2	3.3	3.4	3.5	3.6	3.7	3.8
H	F	M	N	P	E	Q	D
EULA	Megagreep	Resolusie	DIMM's	Ergonomie	WinRAR	Hardekopie	RSI

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

[8]

AFDELING B

Vraag 4 – Apparatuur (1)

- 4.1.1 Enige EEN voordeel: ✓
- Draagbaar – kan op enige plek / ter enige tyd werk
 - Kan vir 'n paar uur op batterykrag werk (dus immuun teen kragkragonderbrekings ens.)
 - Kompakte ontwerp / Neem minder plek in beslag
 - Mikrofoon, luidsprekers, webkamera, koordlose netwerk (bv. Wi-Fi en Bluetooth) is alles ingebou (nie nodig om afsonderlike toestelle aan te koop nie)
 - Meer energie-doeltreffend (gebruik baie minder krag as 'n tafelrekenaar).

Enige EEN nadeel: ✓

- Moeilik en duur om op te gradeer
 - Toevoertoestelle kan moeilik / ongemaklik wees om te gebruik (kleiner sleutelbord, raakblad)
 - Skermgrootte relatief klein – ontwerpers, kunstenaars en *gamers* benodig waarskynlik groter skerms
 - Makliker steelbaar of kan makliker wegraak
 - Gewoonlik duurder as 'n tafelrekenaar wat soortgelyke apparatuurspesifikasies het. (2)
- 4.1.2 Enige TWEE toevoertoestelle: ✓✓
- Wysertoestel (raakblad / wyserstokkie)
 - Mikrofoon
 - Webkamera
 - Biometriese skandeerder / vingerafdrukskandeerder (2)
- 4.2.1 SVE / Sentrale verwerkingseenheid / CPU ✓
- GHz / Gigahertz ✓ (2)
- 4.2.2 1 ✓ TB / Teragreep (Terabyte) ✓ (2)
- 4.2.3 Die funksie van GEHEUE is slegs om programme / data wat op daardie oomblik verwerk word, te hou, d.i. tydelik, terwyl die rekenaar AAN is. ✓
- Die funksie van BERGING is om alle programme / data wat op die rekenaar is, te hou, d.i. permanent, selfs wanneer die rekenaar AF is. ✓ (2)
- 4.2.4 Enige EEN verskil (behalwe verskil in funksie, gegee in vraag 4.2.3) ✓
- Geheue is vinniger as berging
 - Geheue is duurder (per eenheid) as berging
 - Geheue is altyd/slegs elektronies; berging kan magneties / opties / elektronies wees
 - Geheue is altyd intern (DIMM op moederbord); berging kan intern OF ekstern wees
- [Aanvaar antwoorde gegee in terme van berging, bv. 'Berging is stadiger as geheue'.] (1)
- 4.2.5 duim ✓
- [Moenie duimsimbool (") aanvaar nie.] (1)
- 4.2.6 'n Tegnologie wat dit moontlik maak om 'n toestel direk aan 'n rekenaar (via 'n USB-poort) te koppel en dit feitlik dadelik te gebruik. ✓
- [Aanvaar alternatiewe bewoording, bv. 'n Stel reëls wat verband hou met hoe 'n toestel met die rekenaar kommunikeer en (outomaties) homself installeer wanneer dit met die rekenaar gekoppel word'.] (1)
- 4.2.7 USB-hub ✓
- [Aanvaar ook: USB-splitter / USB-uitbreidingskaart] (1)
- 4.2.8 Om 'n monitor of ander vertoontoestel (bv. TV, projektor, interaktiewe witbord) met die rekenaar te koppel. ✓ (1)
- 4.2.9 Windows 8.1 ✓
- [Moenie bloot 'Windows' aanvaar nie.] (1)

4.2.10 Biometries verwys na 'n tegnologie wat biologies unieke eienskappe van 'n persoon (bv. vingerafdruk, iris van die oog) skandeer / meet. ✓

Toegang tot die inhoud van die *flash*-skyf sou net toegelaat word as die korrekte / gepaste vingerafdruk op die *flash*-skyf gebruik word. ✓

(2)

[18]

MAANDAG: DOEN VRG 5

Vraag 5 – Apparatuur (2)

5.1 Daar is voorgestel dat al die sleutelborde en muise wat kables het, met koordlose sleutelborde en muise vervang word.

5.1.1 Gee TWEE voordele van koordlose toestelle bo gekabelde toestelle. (2)

5.1.2 Gee TWEE nadele van koordlose toestelle in vergelyking met gekabelde toestelle. (2)

5.2 Die skool oorweeg om hul inkspruitdrukker met 'n laserdrukker te vervang, of miskien met 'n multifunksiedrukker.

5.2.1 Gee EEN voordeel van 'n inkspruitdrukker bo 'n laserdrukker. (1)

5.2.2 Gee TWEE voordele van 'n laserdrukker bo 'n inkspruitdrukker. (2)

5.2.3 Multifunksiedrukkers bied 'n aantal gekombineerde funksies.

Gee TWEE funksies van 'n multifunksiedrukker, behalwe die drukkerfunksie self. (2)

5.2.4 Gee TWEE voordele van 'n multifunksiedrukker bo die enkelapparate, behalwe enige antwoord wat jy in 5.2.3 gegee het. (2)

5.2.5 Die nuwe drucker sal as die verstek (*default*) -drukker opgestel word.

Wat word met die term verstekdrukker bedoel? (1)

5.2.6 Verduidelik waarom die ou inkspruitdrukker nie net sommer in 'n vullisdrom weggegooi behoort te word nie. Stel 'n beter manier voor om van die drucker ontslae te raak. (2)

5.3 'n Eksterne hardeskyf sal gebruik word om gebruikers se rugsteunlêers te stoor.

5.3.1 Waar kry 'n eksterne hardeskyf sy krag vandaan? (1)

5.3.2 Gee EEN voordeel waarom 'n eksterne hardeskyf beter as 'n *flash*-skyf is as 'n mens lêers wil rugsteun. (1)

5.4 Die rekenaarsentrum het tot nou toe 'n bladsy (*sheet-fed*) -skandeerder gebruik. Daarmee kon hulle enkelvelle papier skandeer.

5.4.1 Gee die naam van die soort skandeerder wat hulle sal moet gebruik om bladsye van boeke en ander dik voorwerpe te skandeer? (1)

5.4.2 Watter soort poort word gebruik om 'n skandeerder aan 'n rekenaar te koppel? (1)


5.4.3 Wat doen OCR-programmatuur vir mens in verband met geskandeerde beelde van dokumente? (1)

- 5.4.4 Wat maak OCR-herkenning suksesvol al dan nie, behalwe die programmatuur wat gebruik word? (1)
- 5.5 'n Strepieskode-skandeerder is vir gebruik in die biblioteek aangekoop. Gee TWEE voordele van die gebruik van 'n strepieskode-skandeerder vir data-invoer bo die gebruik van 'n sleutelbord. (2)
- 5.6 Een van die eerste dinge wat nuwe rekenaargebruikers geleer sal word, is hoe om die regslik-opsie in programme te gebruik. Verduidelik wat hierdie stelling beteken deur te beskryf wat die regslik-opsie vir die gebruiker bied, en waarom dit so 'n nuttige opsie is. (2)
- 5.7 Dit is belangrik om goed ontwerpte en gemaklike toevoertoestelle te gebruik wanneer mens op 'n rekenaar werk.
- 5.7.1 Gee EEN eienskap van 'n sleutelbord wat help om te verhoed dat 'n mens maklik beserings kry as gevolg van die aanhoudende gebruik van die gewigte en vingers. (1)
- 5.7.2 Noem 'n soort wysertoestel wat gebruik kan word deur mense wat verminderde beheer oor hul vingers het. (1)
- [26]

WOENSDAG: VRG 6 DOEN

Vraag 6 – Programmatuur

- 6.1 Elke rekenaar of rekenaartoestel kan net werk as dit 'n bedryfstelsel het.
- 6.1.1 Gee EEN voorbeeld van 'n bedryfstelsel in 'n mobiele toestel soos 'n slimfoon. (1)
- 6.1.2 Beskryf kortliks TWEE funksies van 'n bedryfstelsel. (2)
- 6.2 Kyk na die volgende stel lêers wat op een van die rekenaars te vinde is, en antwoord die vrae wat volg:



- 6.2.1 Gee die naam van die webbladlêer. (1)
- 6.2.2 Gee die naam van 'n program wat gebruik kan word om die lêer **Import.TXT** oop te maak, behalwe Notepad. (1)
- 6.2.3 Die lêers **Manual.DOCX** en **Manual.PDF** bevat dieselfde inligting.
Gee EEN rede hoekom lêers dikwels in PDF-formaat eerder as in DOCX-formaat uitgestuur word. (1)
- 6.2.4 Johan sien 'n foutboodskap wanneer hy probeer om die lêer **Tennis.MP4** na **Tennis.MP3** om te skakel.
Verduidelik kortliks hoekom dit belangrik is om nooit die lêeruitbreiding van 'n bestaande lêer te verander nie. (1)
- 6.3 Amanda wil die lêer **History_old.docx** op die skoolnetwerk skrap (*delete*). Die plek waar die lêer gestoor is, is soos volg:
- \\Server01\HomeDrives\10C\Amanda\History_old.docx
- 6.3.1 Hoe noem ons gewoonlik die beskrywing van 'n lêer se plek, soos in die bogenoemde voorbeeld? (1)
- 6.3.2 Waarna verwys die benaminge 'HomeDrives', '10C' en 'Amanda' in hierdie beskrywing? (1)
- 6.3.3 Verduidelik kortliks hoekom Amanda, net soos al die ander leerders, baie versigtig moet wees wanneer sy lêers van 'n netwerkaandrywer wil afvee. (1)
- 6.4 Die kantoorpakket op al die skoolrekenaars sal vanaf Office 2010 na Office 2016 opgegradeer word. 'n Terreinlisensie is vir die installasie verkry.
- 6.4.1 Verduidelik die verskil tussen 'n enkelgebruikerlisensie en 'n terreinlisensie. (2)
- 6.4.2 Gee TWEE voordele van die gebruik van geïntegreerde programmatuur soos 'n kantoorpakket, behalwe die feit dat dit nie nodig is om die pakkette afsonderlik aan te koop nie. (2)
- 6.4.3 Gee EEN rede waarom mens programmatuur aanlyn moet aktiveer of registreer. (1)

- 6.5 Om koste te besnoei het die hoof voorgestel dat hulle liever gratis oopbronprogrammatuur (OSS) moet gebruik.
Gee TWEE potensiële nadele van die gebruik van oopbronprogrammatuur. (2)
- 6.6 Daar geld 'n streng rugsteunbeleid vir programmatuur by die skool.
- 6.6.1 Verduidelik kortliks hoekom dit belangrik is om ten minste een rugsteunkopie op 'n plek weg van die werkerrein te bewaar. (1)
- 6.6.2 Gee nog EEN ander wenk vir die maak van rugsteunkopieë behalwe die genoemde feit dat mens dit op 'n ander perseel moet hou. (1)
- 6.7 'n CD genaamd 'Drivers and Utilities' word saam met die nuwe drukker verskaf.
Verduidelik kortliks wat 'n drywerprogram (*driver*) is in die konteks van rekenaarprogrammatuur. (1)

[20]